

PREEKNOTA

Datum: **01/09/2024**

1. Het jy al ooit gevoel iets kort?

Psalms 23:6 (AFR53) Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

2. Wat is dit wat kort?

**DAAR MOET IETS ANDERS WEES, DAAR MOET IETS MEER WEES...
WAT MOET DAAR NOG WEES?**

Psalms 23:5-6 (AFR53) [5] U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Matteus 11:27 (DB) [27]Na die gebed gesels Jesus toe verder met die mense: “My Vader het My gevra om al hierdie dinge op die aarde te kom doen. Hy het ook vir My alles gegee wat Ek nodig het om dit wel te kan doen. Ek en my Vader het geen geheime vir mekaar nie. Ons ken mekaar deur en deur. Niemand ken Ons soos Ons mekaar ken nie. Wil julle die Vader so leer ken? ….

3. Wat as ons dit dalk verkeerd gekry het?

**WAT AS, WAT ONS DINK ONS KORT,
DALK DIT IS WAT ONS WEGHOU VAN WAT ONS REGTIG KORT.**

Matteus 11:25-26 (DB) [25]Jesus maak toe sy oë toe en begin bid. “Baie dankie, Vader, U wat oor die hemel en die aarde heers, dat u boodskap so duidelik en eenvoudig is. ’n Mens hoef nie jare op skoolbanke te sit of spesiale kursusse te loop om dit te verstaan nie. Dankie dat ’n ma die kind op haar skoot van U kan vertel en dat hy dit kan verstaan. Dankie ook, Vader, dat die sogenaamde slim mense van die wêreld wat dink hulle weet alles nie u boodskap met hulle geleerdheid kan stilmaak nie. Nee, al hulle ingewikkelde redenasies laat net hulle eie koppe draai. Uiteindelik begryp hulle minder van u boodskap as die kindertjies. [26]Dankie, Vader, dat U besluit het om so duidelik en eenvoudig met ons te praat. Amen.”

4. Waar begin ek om te kry wat ek kort?

REAGEER OP DIE UITNODIGING VAN JESUS.

Matteus 11:28a (DB) Ek kan julle aan [28]Hom voorstel. “Daarom wil Ek julle uitnooi: Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe.

KRY ‘N POSTUUR VAN LEERBAARHEID.

Matteus 11:28b-29 (DB) By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek. “Kom luister na wat Ek vir jou oor jou lewe wil leer. Ek sal jou leer dat geluk nie is om heeltyd net vir jouself te leef nie. Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê. [29]“Kom ontdek watter vreugde dit bring om te leef soos God wil hê jy moet leef. “Dis nie moeilik om so te leef nie; om die waarheid te sê, [30]as jy so begin leef, sal jy agterkom hoe lekker die lewe regtig kan wees.”

**JESUS HET NIE GEKOM OM DIT MOEILIK TE MAAK NIE,
HY HET GEKOM OM DIT MOONTLIK TE MAAK...**

Johannes 17:10-11 (NLV) [10]Alles wat Myne is, is ook U s’n, en wat U s’n is, behoort ook aan My, en Ek is deur hulle verheerlik. [11]Ek is nie langer in hierdie wêreld nie, maar hulle is nog in hierdie wêreld. Ek is op pad na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam wat U aan My gegee het sodat hulle net soos Ons een kan wees.

5. Wat as dit wat ons kort nog die hele tyd voor ons was?

Psalms 23:5-6 (AFR53) [5]U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. [6]Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÈ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za
FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: LUCAS NIEMAND
083 233 4000 I lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655